Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

RELIGIESTUDIES V2

2021

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1
- Diskriminasie teen LGBTQI+ kan tot emosionele ontsteltenis, depressie,angs en self selfdood/selfmoord lei.
- Hulle voel dikwels gedruk om by die samelewing se konvensionele idees van man of vrouwees in te pas.
- Hulle leef saam die druk van bespotting, intimidasie en selfs fisiese misbruik.
- Hulle word geteister en misbruik by die skool, werk en in sosiale situasies.
- Woorde soos 'gay', 'lesbies' word as neerhalende terme gebruik.
- Baie verkies om hulle seksuele oriëntasie weg te steek.
- Hulle voel ongemaklik in konserwatiewe/godsdienstige gemeenskappe.

(10)

LET WEL: Enige relevante antwoord moet punte kry.

1.2
- Die fundamentele rede is kulturele oriëntasie van die Afrika-samelewing.
- Dit is grootliks patriargaal (deur mans gedomineer).
- Dit is ook baie tradisioneel, met die man as die hoof van die huishouding en die vrou en kinders onder sy sorg.
- In so 'n samelewing is enige homoseksuele verhouding taboe.
- Die tweede basiese rede vir die diskriminasie teen LGBTQI+ is in godsdienstige oriëntasie vasgelê.
- Byvoorbeeld, volgens die ATG, is die enigste seksuele verhouding toelaatbaar, tussen man en vrou.
- Volgens die Abrahamitiese godsdienste, veral dié wat 'n literalistiese benadering tot die interpretasie van die normatiewe bronne het, is die enigste seksuele verhouding wat toegelaat word, tussen 'n man en vrou.
- Hulle redeneer dat God man en vrou geskep het en hulle geseën om voort te plant en die aarde te vul. Verhoudings van dieselfde geslag kan nie voortplant nie.
- Enige ander soort seksuele verhoudings word as sonde beskou.
- Beide kulturele en godsdienstige leringe dra direk tot die diskriminasie teen LGBTQI+ by.

(14)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

1.3 **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**
- Die basis van die ATG is die konsep Ubuntu.
- Die verkondig dat 'umuntu ngumuntu ngabantu' wat beteken dat 'n mens deur ander mense 'n mens is.
- Ubuntu beklemtoon ook die konsep van 'gemeenskapsbehoeftes voor individuele behoeftes.'
- Daarom moet alle individuele rolle (bv. ouer, oudste, boer, onderwyser, ens.) altyd die gemeenskap eerste plaas, seksuele oriëntasie ingesluit.
- ATG verkondig dat mense wat anders is m.b.t. voorkoms, sosiale status of seksuele oriëntasie, almal gelyk behandel moet word.
- Mishandeling van hulle is provokasie van die voorvaders en minagting van die gemeenskap.
- Die konsep Ubuntu bevorder harmonie tussen mense, ongeag hulle agtergrond, oortuigings, taal, geslag, ens.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- ATG leer dat seksuele oriëntasie, soos ander waardes, iets is wat jy by die gemeenskap kan leer.
- Daar is mense binne die gemeenskap wie se taak dit is om jongmense te leer oor volwassenheid, seksuele oriëntasie ingesluit.

VOORBEELD 2: BAHÁ'I-GELOOF

- Bahá'i's glo dat die mensdom een is, onder die genade van 'n allesliefhebbende Skepper.
- Die geloof van geen mens kan deur iemand behalwe homself gekondisioneer word nie. Niemand het die reg om ander te oordeel as gevolg van hulle seksuele oriëntasie nie.
- Die Bahá'i-godsdiens verkondig dat ons moet leer om saam te leef, met respek vir verskillende individue en groepe, elkeen binne hulle eie perspektief van die werklikheid.
- Ons moet sosiale en vreedsame orde bevorder/aanmoedig deur eenheid in diversiteit te kweek.
- Bahá'i's beskou die kwessie van homoseksualiteit as kompleks en ongewoon.
- Bahá'i's glo dat dit nie toepaslik is om homoseksuele persone oor sake met betrekking tot seksuele oriëntasie of oortuiging te forseer/dwing nie. Dit is van toepassing op alle mense wat andersdenkend is.
- Die Bahá'i-raamwerk van seksuele etiek is gewortel in die lering van Bahá'u'lláh, 'Die asem van die lewe op alle dinge wat geskep is, die 'lamp' van God, wysheid en liefdevolle voorsiening moet gehandhaaf word'.
- Dit moedig mense van die Bahá'i-geloof aan om nie veroordelend te wees nie en ook om alle lewenstyle te aanvaar.

ÉcoleBooks

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (14)

1.4

- Alle godsdienstige gemeenskappe, ongeag hulle godsdienstige en kulturele affiliasies, moet diskriminasie teen LGBTQI+ veroordeel.
- Hulle moet hulle volgelinge leer dat alle mense, ongeag hulle seksuele oriëntasie, deur God geskep is.
- LGBTQI+ moet nie verbied word om met die godsdienstige gemeenskap en godsdienstige organisasies om te gaan nie.
- In elke sosiale struktuur moet daar geskikte geslagsverteenwoordiging wees.
- Die godsdienstige gemeenskap moet gemeenskapbyeenkomste organiseer waar hulle mense oor die probleem van diskriminasie oplei.
- Hulle moet opgelei word oor moontlike faktore wat seksuele oriëntasie beïnvloed.
- Die godsdienstige gemeenskap moet verantwoordelikheid neem vir of verslag doen oor enige diskriminasie wat in hulle gemeenskap plaasvind, by wetstoepassingsagentskappe.
- Godsdienstige leiers moet met diverse groepe kontak hê, die LGBTQI+-gemeenskap ingesluit.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

[50]

VRAAG 2

2.1 2.1.1 **VOORBEELD 1: ISLAM**

- Volgens die Koran het Allah die heelal in ses fases geskep.
- Allah verskaf ook die energie wat alles in die heelal nodig het vir oorlewing en groei.
- Die bestaan van die heelal is nie toevallig nie en die lewe is nie doelloos nie, maar wel beplan en doelgerig.
- Die heelal, wat mettertyd geskep is, is nie ewigdurend nie, maar het 'n vaste tydsduur.
- Aangesien slegs Allah ewigdurend is, sou dit beteken dat geloof die skepping ewigdurend is, aan die Skepper gelyk gestel word.
- Dit is 'n groot sonde (shirk).

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

2.1.2

- Die Moslem se begrip van godheid word essensieel deur die Koran gevorm.
- Islam glo aan 'n universele God genoem Allah.
- Geloof in eenheid van Allah is die fondasie van Islam.
- Allah het ander titels wat Sy eienskappe weerspieël.
- Hy is die Skepper (Khaliq) en Stigter (Badi) van die heelal, en gaan voort om nuwe vorme van lewe te skep en om die hele Skepping te volhou. (10)

ECOLEBOOKS

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

2.1.3

- Volgens Islam eindig die lewe nie met die dood nie, dit gaan na die graf voort.
- Diegene wat sterf betree 'n nuwe fase, genoem barzakh, waar hulle bly tot die Opstandingsdag.
- In hierdie fase (barzakh), is die siel óf in 'n toestand van tevredenheid óf marteling.
- Op die Opstandingsdag sal alle mense deur Allah geroep word om rekenskap van julle lewens op aarde te gee.
- Op die Oordeelsdag sal diegene wat aan Allah glo en voldoen het aan hulle verpligtinge aan die Skepper en die mensdom, beloon word.
- Hulle sal in die paradys toegelaat word (jannah).
- Diegene wat die bestaan van Allah ontken het, sal gestraf word en hel toe gaan (jahannam).
- Die dood is nie die einde van die lewe nie, dis net 'n fase in die lewensreis van die mensdom. (10)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

2.1.1 **VOORBEELD 2: HINDOEÏSME**

- Die heelal het nie skielik begin nie, en sal ook nie skielik eindig nie.
- Die heelal gaan deur herhalende fases van manifestasie en verdwyning.
- Die heelal manifesteer as Brahma uitasem en verdwyn as hy inasem.
- Die passiewe toestand is 'n toestand van rus wanneer niks gebeur nie.
- In rus het die heelal geen vorm nie en is ongedifferensieerd.
- Na 'n lang ruk roer die Skepper en raak weer aktief. Dit is wanneer party dele van die heelal anders as ander dele is en 'skepping' begin. (10)

2.1.2

- Dit is 'n wanopvatting dat Hindoes baie gode het.
- Geloof in een God is die sentrale lering van die Hindoes se wêreldbeskouing.
- Die Rig Veda sê: 'Truth (God) is one, sages call it by various names (Waarheid [God] is een, wysgeërs gee dit verskeie name).'
- Die hoogste konsep van God in Hindoeïsme is Brahman.
- Brahman is oral en is die bron van bestaan.
- In wese kan Brahman nie beskryf word nie.
- Alhoewel dit die hoogste ideaal is, verklaar Hindoeïsme dat God ook in gegradeerde fases ervaar kan word, volgens die geestelike ontwikkeling van die aanbidder.
- Die eerste vlak van ervaring van God onder Brahman is Ishwara, die vormlose God.
- Ishwara is oral.
- Ishwara neem die vorms van die volgende gode aan: Brahma vir skepping, Shiva vir vernietiging en Vishnu vir bewaring. (10)

2.1.3

- Mense is vasgevang in die siklus van geboorte en hergeboorte, bekend as Samsara.
- Wanneer 'n mens sterf, word die siel weer gebore (gereïnkarneer) in 'n ander liggaam.
- Die geestelike doel van mense is om die siel van voortdurende hergeboorte te bevry.
- Die siel kan bevry word sodra dit eenheid met Brahma verkry.
- Die siel kan slegs waarlik gelukkig wees wanneer hierdie bevryding deur geestelike weë (jogas) bekom is.
- Hierdie bevryding word moksha genoem.

LET WEL: Enige VYF relevante feite moet aanvaar word. (10)

2.2 2.2.1

- Mondelinge tradisie dien as 'n doeltreffende manier om die oorspronklike boodskap van een generasie tot die volgende aan te gee.
- Party godsdienste plaas meer klem op mondelinge tradisie as op hulle heilige tekste.
- Mondelinge tradisie speel steeds 'n belangrike rol in sommige godsdienste, bv. Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Mondelinge tradisie kan parallel met geskrewe tekste loop en dit aanvul.
- Mondelinge tradisie verskaf meer duidelikheid as geskrewe teks as gevolg van die narratiewe styl daarvan.
- Die ketting van storievertellers is ook belangrik aangesien dit tot die Bron lei.
- Mondelinge tradisie weerspieël plaaslike dialek en kultuur. Daarom word dit makliker verstaan in elke kultuur.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)

2.2.2

- Kontemporêre inspirasie verwys na goddelike inspirasie wat steeds vandag plaasvind.
- Dit verskil van die inspirasie van die stigters van die groot godsdienste, aangesien hierdie inspirasie dikwels as heilige geskrifte aangeteken is.
- Dit was spesifieke inspirasie om individue (profete/ boodskappers) te kies.
- Die jongste inspirasie wat as heilige geskrif aangeteken is, is dié van Baha'u'llah (19de eeu).
- Daar is geen spesiale voorwaardes vir kontemporêre inspirasie nie: geen nuwe heilige geskrifte word geproduseer nie.
- Die gevolg is dat kontemporêre inspirasie algemeen in die hedendaagse samelewing geword het.
- Dit is waarom baie nuwe kerkverbande gevorm word.
- 'n Voorbeeld hiervan is die Christelike godsdiens, waar interne verskille aan die toeneem is.
- In die Afrika Tradisionele Godsdiens, is kontemporêre inspirasie nie verskillend/anders as inspirasie van die verlede nie. Daarom dra dit nie by tot interne verskille nie.
- Dit is omdat sjamane en waarsêers (sangomas) vandag, soos in die verlede, bestaan.
- As gevolg van kontemporêre inspirasie kom verskeie onderafdelings en wêreldbeskouings in alle godsdienste na vore.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

(10)
[50]

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 3

3.1 3.1.1 **LET WEL: In 3.1.1 en 3.1.2 word 'n MAKSIMUM van AGT punte toegeken indien die kandidaat slegs EEN vertakking bespreek.**

VOORBEELD 1: ISLAM

- Die Soenni-Sjia-skeuring het in 632 AE(HJ) na die dood van die Profeet Muhammad begin ontstaan.
- 'n Debat het gevolg oor wie die Profeet se opvolger sou wees.
- Die meerderheid van die volgelinge het geglo dat Abu Bakr, die Profeet se skoonvader, 'n opvolger of kalief moes wees. Hulle het as 'Soenni's' bekend geword.
- 'n Klein groepie het geglo dat die Profeet se skoonseun, Ali ibn Talib, die eerste kalief moes wees. Hulle het as die 'Sjia' (partisaan of aparte party) bekend geword.
- Alhoewel dit 'n politieke verskil was, het die onenigheid oor die interpretasie van sekere Hadith (leringe van die Profeet) en wette vererger.
- Die meeste Soenni's aanvaar die Hadith-versamelings van Imam Bukhari.
- Die Sjia heg ook waarde aan die Hadith wat deur die familie van Profeet Muhammad (Ahl al Bayt) verhaal (beskryf) word.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

3.1.2

SOENNI-ISLAM	SJIA-ISLAM
• Profeet Muhammad. • Die Hadith beskryf deur die metgeselle van die Profeet is van ewe veel belang as dit wat deur sy familielede beskryf word. • Die Soenni glo dat al die leringe wat in die Boeke van Hadith vervat is, ewe belangrik is. • Soenni's volg die leringe van leermeesters van die 7de en 8ste eeue. • Soenni's aanvaar nie dat 'n kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie moet kom nie.	• Die Hadith beskryf deur die metgeselle van die Profeet is van minder belang as dit wat deur sy familielede beskryf word. • Die Sjia volg slegs die leringe en opinies van 'n lewende geleerde. • Hulle glo dat die laaste kalief uit die Profeet se familie in 'n grot versteek is en eendag as leier sal herverskyn. Daar word na hom as 'Imam' verwys.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (12)

3.1.1 **VOORBEELD 2: JUDAÏSME**

- Judaïsme is in drie hoofgroepe ingedeel: Ortodokse, Konserwatiewe en Hervormde Judaïsme.
- Die interne verskille is veroorsaak deur interpretasieverskille t.o.v. leringe en oortuigings.
- Ortodokse Jode aanvaar die hele Tora, beide geskrewe (Pentateug) en mondeling (Talmoed), soos deur God self onthul.
- Hervormde Judaïsme het sy oorsprong in Duitsland waar talle Jode gevoel het dat hulle by 'n veranderende wêreld moes aanpas en sommige van die leringe en oortuigings van Ortodokse Jode verwerp het.
- Hierdie groep glo nie dat die Messias hulle na die Heilige Land Palestina sal lei nie.
- Hulle beskou nie Palestina as hulle tuisland nie.
- Konserwatiewe Judaïsme het ontstaan as gevolg van 'n verwerping van die Hervormde beweging.
- Konserwatiewe Jode verwerp ook baie praktyke van die Ortodokse groep as nie-essensieel, soos die gebedskissie. (12)

3.1.2

ORTODOKSE JUDAÏSME	KONSERWATIEWE JUDAÏSME	HERVORMDE JUDAÏSME
• Hulle glo die Tora is goddelik en gesag-hebbend. • Ortodokse Jode glo in streng waarneming van die geskrewe en mondelinge Tora. • Hulle glo dat die Joodse wet (halakhah) streng nagekom moet word. • Hulle glo dat 'n man verbied word om aan sy vrou te raak terwyl sy menstrueer totdat sy 'n ritueel, Mikvah, na 12 dae uitvoer (Taharat Hamishpacha). • Hulle glo aan Kasjroet (spyswette).	• Hulle glo dat die Tora deur God gegee is deur idees waaroor mense gemediteer het. • Hulle glo dat die wet aangepas moet word om by moderne tye te pas. • Hulle glo aan Rabbiniese Judaïsme wat die Tora die oë en leringe van Rabbi's beskou. • Hulle glo dat party van die voorskrifte van die Tora bloot kultuur en nie goddelik is nie.	• Hulle glo dat die Tora oor tyd deur mense geskryf is. • Hulle glo nie dat halakhah bindend is nie. • Hulle glo dat alle Jode, manlik en vroulik, gelyk is. • Hulle ondersteun die beginsel van Tikkun Olam, die nastreef van sosiale geregtigheid.

(12)

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

3.2
- **Grammatiese en historiese konteks:**
- Dit beteken jy moet die grammatikareëls en die historiese feite gebruik om 'n teks te interpreteer.
- **Duidelikste betekenis:**
- Jy moet die letterlike betekenis van die teks in ag neem en dan ander moontlike interpretasies oorweeg.
- **Plan, doel en konteks:**
- 'n Skryfstuk moet as 'n geheel beskou word. Wat is die skryfplan of struktuur? Wat was die skrywer se doel met die skryf van die teks? Wat is die konteks van die stuk wat bestudeer word?
- **Figuurlike betekenis:**
- Party heilige tekste is hoogs figuurlik, en dit moet in aanmerking geneem word.
- **Ander heilige tekste:**
- Heilige tekste self kan gebruik word om ander heilige tekste te interpreteer.
- **Betekenis van woorde**
- Woorde se betekenis verander oor tyd. Die oorspronklike betekenis van die woorde moet toegepas word in die interpretasie van die teks.

(12)

LET WEL: Enige DRIE van die bogenoemde mag gekrediteer word

3.3 **VOORBEELD 1: HINDOEÏSME**
- Die Vedas het in Antieke Indië onstaan.
- Die Vedas vorm deel van die hoof skriftuurlike bronne vir Hindoes.
- Baie Hindoes glo dat die Vedas nie werklik deur enigiemand, Ishvara ingesluit, geskryf is nie.
- Historici beraam dat dit tussen 2500 en 500 VHJ neergeskryf is.
- Die Vedas is deur die groot wysgeer of wyse man, Krishna Dwipayana, saamgestel.
- Die doel was om 'n gestandaardiseerde weergawe van Hindoe-leringe vir alle Hindoe-volgelinge saam te stel.
- Krishna Dwipayana het al die mondelinge leringe, wat deur die Rishis en die onderwysers en studente aangegee is, ingesamel.
- Hy het dit in vier standaard-versamelings of boeke, die Rigveda, Yajurveda, Samaveda en die Atharaveda, saamgestel.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

VOORBEELD 2:ISLAM
- Moslems glo dat Allah Sy finale boodskap vir die mensdom deur die aartsengel Gabriël aan die Profeet Muhammad gegee het.
- Die Profeet kon nie lees of skryf nie, so hy het die openbaringe mondelings met sy volgelinge gedeel.
- Die volgelinge van Muhammad het die openbaringe neergeskryf.
- Die teks wat al hierdie openbaringe bevat, staan as die Koran bekend.
- Die Koran word dus as die Woord van God beskou.
- Die Koran is oor 'n tydperk van 23 jaar aan die Profeet Muhammad geopenbaar.
- Net voor hy gesterf het, het die Profeet die hele Koran uit die hoof opgesê.

- Die Woord van God is in Arabies aan die Profeet geopenbaar en baie Moslems glo dat die Koran nie vertaal kan word sonder om van die betekenis daarvan te verloor nie.
- Die ander heilige teks in Islam is die boeke van Hadith.
- Dit is die samestellings van die leringe en praktyke van die Profeet.
- Die Hadith brei uit oor Koraniese opdragte/bevele en dien as 'n praktiese riglyn vir Moslems.
- Die samestelling van die Hadith wat die grootste erkenning kry is 'Bukhari'. (14)

[50]

ÉcoleBooks

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 4

4.1 4.1.1
- Baie Boeddhiste redeneer dat Darwin se evolusieleer en Boeddhisme in ooreenstemming met mekaar is.
- Boeddhisme kan egter nie rekenskap gee vir skepping soos Darwin se teorie nie.
- Boeddhiste gee nie om wat wetenskaplikes sê oor hoe die heelal en mense ontstaan het nie.
- Hulle heg egter besondere waarde aan die menslike bestaan
- Darwin doen dit nie. Hy sien die mens as familie van die ape.
- Boeddhiste glo dat alle lewe konstante transformasie en evolusie ondergaan.
- Dit is in lyn met Darwin se teorie.
- Boeddhiste het lank voor Westerse wetenskaplikes in evolusie geglo.
- Boeddhiste glo aan die kontinuïteit van alle lewende wesens. Darwin praat van die onderlinge verband tussen lewende dinge.
- Boeddhiste het daarom geen probleem met die idee dat mense uit meer primitiewe vorms ontwikkel het nie.

(14)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

Indien die kandidaat slegs EEN aspek beantwoord, word 'n MAKSIMUM van AGT punte toegeken.

4.1.2 **JUDAÏSME/CHRISTELIKE GODSDIENS/ISLAM**
- Die Skepper is 'n manlike Opperwese maar die Oerknalteorie erken nie enige goddelike wese nie.
- Aan die begin het slegs die Skepper bestaan en Hy het die heelal gemaak deur eenvoudig die bevel te gee. Daar was geen Oerknal nie.
- Die heelal is apart van die Skepper.
- Hy het die heelal binne ses dae as deel van Sy goddelike plan vir die mensdom geskep.
- Op die sesde dag het Hy Adam en Eva geskep en hulle geseën om voort te plant en die aarde te vul.
- Dit verskil van die wetenskaplike beskouing wat beweer dat die heelal binne 'n oomblik ontstaan het.
- Die boek Genesis, verklaar dat die heelal deur die krag van Sy woord geskep is. Die heelal het nie toevallig ontstaan soos wat die wetenskap beweer nie.
- Die heelal is perfek geskep, mense ingesluit. Daar was nie 'n groot ontploffing of evolusie van verskillende spesies nie.
- God het ook die diere en ander wesens geskep.
- Die heelal wat ons sien, sal deur iets perfek na die Oordeelsdag vervang word.
- Die uiteindelike bestemming van die heelal is 'n kwessie waaroor daar baie wetenskaplike debatte is.
  - Sekere gelowige persone aanvaar die Oerknaltoërie, veral wanneer hulle uit 'n liberale/figuurlike benadering heilige skrifte interpreter

(14)

  - **LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

4.2 **VOORBEELD 1:**

- **AGNOSTISISME**
- Hierdie term is in 1869 die eerste keer deur 'n filosoof, TH Huxley, gebruik.
- Darwin se teorie van menslike evolusie het teen hierdie tyd die idee van 'n Opperwese/Skepper betwis.
- Agnostici glo dat dit onmoontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys of nie.
- Agnostisisme kom van die Grieks, 'a', wat beteken 'sonder' en 'gnosis' wat 'kennis' beteken.
- Dit verwys na onsekerheid oor kennis van God.
- Agnostici is skepties oor godsdienstige leringe/oortuigings.
- Hulle verwerp godsdienstige doktrines/leerstellings, veral godsdienste wat daarop aanspraak maak dat hulle geestelike kennis het.

VOORBEELD 2:

- **ATEÏSME**
- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie die bestaan van 'n bonatuurlike wese aktief nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese sienings te steun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings van bewyse afhang om hulle aansprake te steun.
- Ateïste wend hulle dikwels tot die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik eerder as om op geloof staat te maak. (12)

4.3

- Sekularisme verwys na 'n magskeiding tussen die staat en godsdiens.
- Dit ontstaan uit die godsdienstige oorloë in die 16de eeu in Europa.
- Verstedeliking, industrialisasie en rasionalisasie het almal godsdienstige instansies verswak.
- Die geloof dat die menslike intellek genoeg is om die samelewing te regeer, is gewild (humanisme) en maak sekularisme gewild.
- Dit het die samelewing asook individue beïnvloed.
- Sekularisme bevorder 'n gevoel van selfontwikkeling en onafhanklike denke in die moderne samelewing.
- Onlangse vooruitgang (bv. kloning, geneties gemodifiseerde organismes) in wetenskaplike denke, dra ook by want hulle bevraagteken godsdienstige leringe.
- Dit het gelei tot ‘n vermindering van die invloed van religie
- Die terreine van gesondheid, onderwys, welsyn, ekonomie en die regte steun nie meer op godsdienstige waardes nie, dit steun op wetenskaplike bewyse en menslike intellek. (10)

[50]

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

VRAAG 5

5.1 **VOORBEELD 1**

- Mianmar (2)

5.2.1

- Mianmar het 'n geskiedenis van die vervolging van Moslems, wat 'n klein minderheid in die land vorm.
- Die groot meerderheid van die mense is Boeddhisties.
- Die regering word sterk deur Boeddhistiese monnike beïnvloed.
- Die grootste groep Moslems in die land is die Rohingya.
- Hulle het hulle eie taal en kultuur.
- Hulle maak daarop aanspraak dat hulle afstammelinge van Arabiese handelaars en ander groepe is en woon al vir baie geslagte in die streek.
- Die Boeddhistiese regering ontsê die Rohingya burgerskap.
- Die Rohingya is ook uit 'n sensus in 2014 uitgesluit, die regering het dus geweier om hulle as 'n aparte groep mense te erken.
- Duisende Rohingya het in die laaste paar jaar, voor die militêre aanval, uit Mianmar gevlug.
- Hulle het gegaan as gevolg van gemeenskapsgeweld en misbruik deur veiligheidsmagte. Rohingya-strydlustiges het in Augustus 2017 meer as 30 polisiestasies aangeval in weerwraak vir misbruike deur die polisie.
- In reaksie hierop het troepe, vergesel deur Boeddhistiese bendes, het in Augustus 2017 met alle mag 'n vervolging van die Rohingya begin.
- Ten minste 288 Rohingya-dorpies is afgebrand, honderde is afgemaai, vroue en kinders is verkrag.
- Die meerderheid vlugtelinge is in VNHKV-kampe in Bangladesj. (16)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

5.2.2

- Amnestie Internasionaal en die VNHKV gaan voort met hulle ondersoeke na die wreedhede/gruweldade.
- Internasionale druk word op Mianmar geplaas (bv. protesoptogte in Pakistan, Indië, Thailand, Indonesië en Bangladesj).
- Die VN se Veiligheidsraad, China, Rusland en die VSA is gekant teen volle sanksies teen die Mianmar-regering.
- Bangladesj is besig met onderhandelinge vir die terugkeer van die vlugtelinge, maar die Rohingya sal slegs terugkeer indien hulle burgerregte gewaarborg word.
- Die Mianmar-regering word in die Internasionale Strafgeregshof van volksmoord aangekla (hofsaak deur Gambië).
- Amptenare van die Mianmar-regering word aangekla van growwe menseregteskendings. Hierdie saak is voor die Internasionale Strafhof (ICC).
- Lande soos Bangladesj, Indonesië, Indië en Gambië het groot getalle vlugtelinge ingeneem.
- Humanitêre hulp vanaf VNHKV word na hierdie lande verhoog. (8)

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.

ÉcoleBooks

5.2.3
- Die Rohingya is 'n etniese minderheidsgroep wat ook die identiteit van hulle godsdiens, wat Soenni-Islam is, het.
- Mianmar self is oorwegend 'n Boeddhistiese staat.
- Mianmar het 'n lang geskiedenis van geweld teen Moslems.
- Godsdiens speel 'n sentrale rol in hierdie situasie.
- Die aanvalle word deur Boeddhiste teen die Rohingya gelei.
- Die Boeddhistiese meerderheid is baie ondersteunend van die regering se aksies teen die Rohingya. Daar is geen godsdienstige protesaksie om die wreedhede veroordeel nie.
- Alhoewel Boeddhisme oor vrede en liefde verkondig, praktiseer die volgelinge haat en godsdienstige oppermagtigheid. Dit word grootliks deur die monnike aangemoedig.
- Pous Francis het Mianmar besoek maar nie die regering vir hulle growwe menseregteskendings gekritiseer nie.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (14)

5.1 **VOORBEELD 2**
- Israel-Palestina (2)

5.2.1
- Die voortslepende konflik het in 1948 met die stigting van Israel begin.
- Onversetlike Israeli's en Sioniste het verklaar dat, volgens hulle geskrifte, Palestina na regte aan die Jode behoort.
- Hierdie aanspraak is deur die Palestyne, asook vele Joodse organisasies verwerp, party Ortodokse Jode ingesluit.
- Die land Israel is heilig vir Jode, Christene en Moslems.
- Die al Aqsa-moskee in Jerusalem is Islam se derde heiligste terrein.
- Jerusalem is ook heilig vir Christene want dit is waar Christus gekruisig is.
- Jode beskou Jerusalem as die ligging van die Tempelberg/Tempel van Salomo.
- Al hierdie terreine het lank voor die skep van die staat Israel bestaan en is regdeur die geskiedenis deur verskeie stamme beset.
- Die Jode en Palestyne veg vir beheer oor die land en hulpbronne.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (16)

5.2.2
- Verskeie VN-resolusies wat die besetting veroordeel, is uitgevaardig.
- Israel gaan egter voort om die VN-resolusies te minag en bou nog nedersettings op Palestynse grond.
- Amerika het voortdurend enige VN-resolusie oor die veroordeling van Israel se besetting van Palestynse grond geveto.
- Daar is sporadiese aanvalle op beide Palestyne en Jode.
- Die Amerikaanse president, Donald Trump, het in 2019 verklaar dat Amerika Jerusalem as die hoofstad van Israel erken.
- Dit het die konflik tussen die Israeli's en Palestyne laat opvlam.
- Die meeste van die wêreld aanvaar nie Trump se verklaring nie.
- Die VSA het in September 2020 as tussenpersoon in 'n vredesonderhandeling met sommige Arabiese state (soos Bahrain en die VAE) en Israel opgetree, waar Israel ingestem het om nie nuwe nedersettings op Palestynse grond te bou nie.

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

- Israel sal dan diplomatieke erkenning by hierdie Arabiese state kry.
- Dit ondermyn die boikot van Israel, en verswak die Palestynse saak. Dit het die geweld verder aangeblaas.
- Duisende Palestynse vlugtelinge regdeur die wêreld wag steeds om na hulle land terug te keer (reg tot terugkeer).

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (8)

5.2.3
- Die streek bevat Moslems en Christene wat in Palestina woon, en Jode wat in Israel woon.
- Godsdiens speel egter nie 'n groot rol in hierdie konflik nie.
- Die konflik gaan oor die onwettige besetting van Palestynse grond (verskeie VN-resolusies kritiseer die Israeli-besetting).
- Israel beheer toegang tot Moslem- en Christelike heilige terreine streng.
- Dit lei tot verhoogde godsdienstige spanning.
- Godsdiens word deur fanatici gebruik as 'n verskoning vir die konflik.
- Daar is geen poging deur enige kant om mense na hulle geloof te bekeer nie.
- Die voortslepende besetting van Palestynse grond deur Jode (Joodse setlaars) is 'n groot faktor in die konflik.
- Die bou van onwettige nedersettings op hierdie grond is ook 'n groot faktor.
- Moslem-gemeenskappe regdeur die wêreld ondersteun die Palestynse saak.
- Selfs die Ortodokse Kerk het al bemiddel, maar tevergeefs.

ÉcoleBooks

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (14)

5.3 **VOORBEELD 1: IRAK**

- Irak is 'n olie-ryke land wat se bevolking uit Koerdiese Moslems in die noorde, Soenni-Moslems in die middel en Sjia-Moslems in die suide bestaan.
- Die Koerde (PKK) het vir hulle eie tuisland begin veg, beide met Irak en Turkye.
- Polities word die Soenni-Moslems met Saoedi-Arabië vereenselwig.
- Die Sjia, weer, word sterk deur Iran beïnvloed.
- Terwyl Saddam Hoesein in Irak die mag gehad het, het hy 'n sekulêre regering gelei wat grootliks politieke stabiliteit en godsdienstige verdraagsaamheid in die land gehandhaaf het. Hy is egter van wreedhede teen die Sjia en die Koerde beskuldig.
- Die 2003 Amerikaanse inval van Irak het tot die ontseteling van Saddam Hoesein gelei.
- Dit het tot politieke onrus en die aanstel van 'n korrupte regering gelei.
- Stam- en godsdienstige verskille het weer kop uitgesteek.
- 'n Ekstreme Soenni-sekte, genoem ISIL/ISIS, het ontwikkel wat verskriklike wreedhede teen beide Moslems en nie-Moslems gepleeg het.
- Irak is steeds gewikkel in sektariese oorloë en korrupsie.

VOORBEELD 2: NOORD-IERLAND

- Noord-Ierland is konstitusioneel deel van die Verenigde Koninkryk.
- Die bevolking is grootliks Katoliek, terwyl Brittanje Protestants is.
- Die Katolieke van Noord-Ierland veg al dekades vir politieke onafhanklikheid van die VK en vir eenheid met die Republiek van Ierland.
- Protestante in Noord-Ierland staan dit teë.
- Dit het in 'n lang, bloedige burgeroorlog tussen die Katolieke (IRL) en die Protestante, deur die Britse militêre magte ondersteun, ontaard.
- Alhoewel vredesverdrae geteken is, ontplof sektariese geweld steeds elke nou en dan.

LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry. (10)

[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM